MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

NOVEMBER 2015 NO. 11

STAND VAN DIE MUNISIPALE VERBRUIKERSREKENINGE VAN DIE INFORMELE GEBIEDE IN DIE //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED

Burgemeester Rdl LA Koloi

Ten einde die probleem aan te spreek dat alle inwoners van informele gebiede nie verbruikersrekeninge ontvang nie, het die volgende proses ontvou:

Paballelo & Rosedale:

Die Heffingsafdeling het kaarte van die onderskeie plakkersareas, bv. Smartie Valley, ens. gekry vanaf die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste. Die kaarte van die informele gebiede in Paballelo wat ons wel ontvang het, is deurgewerk en is tans besig met Rosedale om vas te stel watter erwe kry verbruikersrekeninge en watter nie. Let wel, daar is van die informele gebiede in Paballelo waarvoor ons nog nie kaarte ontvang het nie. Die erwe waaraan geen verbruikersrekeninge gekoppel is nie, is deurgegee aan die Direkteur Ontwikkeling en Beplanning vir verdere inligting. Ongeveer 10 erwe se inligting is tot dusver terug ontvang by die Heffingsafdeling.

Toepassing van besluit van die Raad om tariewe vir informele gebiede wat nie volledige dienste kry nie, te verminder:

Paballelo & Rosedale:

Die tariewe van verbruikers wat in informele gebiede in Paballelo woonagtig is, waarvoor die Heffingsafdeling kaarte ontvang het, is reggestel. Die terugwerkende regstellings vanaf Julie 2015 is egter steeds in proses.

Ons is tans besig om die tariewe van verbruikers wat in informele gebiede in Rosedale woonagtig is, reg te stel. Die terugwerkende regstellings vanaf Julie 2015 sal na die regstelling van die tariewe, afgehandel word.

Na voltooiing van bogenoemde prosesse in Paballelo en Rosedale, sal dieselfde aksies uitgevoer word t.o.v. informele gebiede in al die wyke van //Khara Hais Munisipaliteit.

Die voorafbetaalde elektrisiteit van die inwoners van die informele gebiede sal nie geblok word nie, totdat bogenoemde prosesse afgehandel is.

KERSMARK 2016

Die Munisipaliteit //Khara Hais hou op Vrydag 04 Desember 2015 asook Sondag, 06 Desember 2015 hul jaarlikse Kersmark. Aansoekvorms vir die Stalletjies is verkrygbaar by die Led, Toerisme & Oorde Kantoor langsaan die dorpsbiblioteek. Sluitingsdatum vir kosstalletjies is 13 November 2015 en Geskenk stalletjies is 20 November 2015. Vir meer inligting kontak die afdeling Led, Toerisme & Oorde by **054 338 7152**.

Ons nooi graag alle besoekers en inwoners uit om ons stalletjies te ondersteun!!!!

//KHARA HAIS TOERISME VELDTOG

Soos ons lesers bewus is, was September Nasionale Toerismemaand en het feesvieringe regoor die land plaasgevind. Gedurende hierdie tydperk word daar meer gefokus op toerisme en die belangrikheid daarvan vir ons land se ekonomie.

Upington is 'n unieke eind-bestemming in die sin dat ons 365 dae sonskyn per jaar het en dat ons in 'n semi-woestynarea woon. Binne 'n radius van 270km kry jy twee nasionale parke nl die Augrabies Waterval Nasionale Park en die Kgalagadi Oorgrenspark. Hierdie twee parke lok jaarliks baie toeriste na ons streek.

Op die foto is vlnr: Andries, Mejuffrou Khoisan, twee toeriste, Rdl LA Koloi (Burgemeester), Piet & Heidi Nell-Willemse van die Toerisme Afdeling by die munisipaliteit.

Upington is ook die deurgangsroete na Namibia en Springbok. Springbok en die Namakwaland area is bekend vir sy pragtige blomme gedurende die blommeseisoen vanaf middel Augustus tot einde September. Talle besoekers insluitend buitelanders reis deur Upington oppad na Namakwaland, die Richtersveld, Kaapstad, die Augrabies Nationale Park, Kgaladi Transfrontier Park en nog vele meer.

Die munisipaliteit //Khara Hais bied jaarliks programme aan om hierdie maand te vier. Vanjaar se tema: A million new experiences await! wil die Munisipaliteit graag alle besoekers bewus maak van al Upington en omgewing se toerisme produkte wat aan die toeris beskikbaar is. Die doel van die verwelkomingsveldtog was dus om aan die besoekers te wys dat Upington en omgewing ook 'n onvergeetlike ervaring kan bied soos die toerisme mega's Kaapstad en Durban.

Besoekers aan die dorp is welkom geheet met produkte van die Namas en Khoisan. Toeriste en hul motors was afgetrek met behulp van die //Khara Hais Verkeersdienste en dan was 'n verwelkomingspakket uit gegee bestaande uit brosjures, Gemsbok Toerismebelaag en produkte uit ons streek.

In 'n tyd waar ons almal ekonomies swaar trek, is dit goed om te weet dat //Khara Hais Munisipaliteit, in samewerking met vanjaar se borge **Upington Slaghuis, Kolskoot Slaghuis, Protea Hotel, Desert Palace Hotel & Casino, Absolutely Water, Oasis Water, Parmalat, Orange River Cellars, Bilo- Keidebees Engin Garage, Zebros, Pick 'n Pay, Upington Verspreiders, Nestle, H&W Verspreiders, Gatti, Supa Quick, SAD, Carpe Diem, Montagu Droëvrugte, Akkerboom Padstal, Keimoes Padstal, Pienk Padstal (Kakamas), Plastic Packaging, Pro Packaging, Die Gemsbok en Groen Kalahari Toerisme** die veldtog suksesvol kon aanbied. Die Raad van munisipaliteit //Khara Hais en die seksie Toerisme wil aan al ons borge 'n hartlike dank uitspreek. Sonder die borge se bydra sou die verwelkomingsveldtog nie suksesvol gewees het nie.

PROGRAM VIR DIE LEES VAN METERS

OKTOBER / NOVEMBER 2015 — NOVEMBER / DESEMBER 2015

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
26 OKT	1, 2, 4, 18	04 NOV	80	23 NOV	1, 2, 4, 18	04 DES	9, 7, 11, 84
27 OKT	23, 5, 22, 25	05 NOV	31, 45, 12, 30	26 NOV	23, 5, 22, 25	07 DES	31, 45, 12, 30
28 OKT	29, 20, 27, 35	06 NOV	43, 32, 33, 13	27 NOV	29, 20, 27, 35	08 DES	43, 32, 33, 13
29 OKT	37, 3, 36, 6	09 NOV	47, 16, 14, 39	30 NOV	37, 3, 36, 6	09 DES	47, 16, 14, 39
30 OKT	38, 46, 42, 21	10 NOV	28, 19, 41, 15	01 DES	38, 46, 42, 21	10 DES	28, 19, 41, 15
02 NOV	44, 8, 24, 10	11 NOV	17, 40	02 DES	44, 8, 24, 10	11 DES	17, 40
03 NOV	9, 7, 11, 84	12 NOV	81, 82	03 DES	80	12 DES	81, 82

'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om asb. hul persele toeganklik te hou vir meterlesers, bv. die vasmaak van honde.

PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT - NOVEMBER 2015

DATUM	WOONBUURT	PLEK
02 November	Paballelo	Munisipale Kantore
03 November	Progress / Extension	Gemeenskapsaal: Keimoesweg
04 November	Louisvaleweg	Moses Links Gemeenskapsaal
05 November	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
06 November	Kalksloot/Louisvaledorp	Betaalkantoor: Me. M Blaauw
09 - 30 Nov	Dorp	Munisipale Hoofkantoor

NB: BRING ASSEBLIEF U ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!! SLEGS WEEKSDAE VANAF 07:30 TOT 15:30

NIE OP OPENBARE VAKANSIEDAE NIE.